

**19 Julie**

**Skrifgedeelte: Titus 2**

**Fokusgedeelte: Titus 2:5,8,10**

### **Evangelieverkondiger of evangeliedwarsbomer?**

In die drie verse word drie resultate gegee. Al drie hierdie resultate het te doen met die evangelie, soos dit deur elke gelowige uitgeleef en verkondig moet word.

Alle gelowiges, sonder uitsondering, word hierby betrek. Of jy 'n ouer man of ouer vrou is, of 'n jonger man of 'n jonger vrou, jy is immers onder iemand anders se gesag (jou werkgewer, of die owerheid). Die wyse waarop ons man-wees, vrou-wees en ondergeskikte-wees uitleef, is bepalend vir die voortgang, uitbreiding en trefkrag van die evangelie.

Wanneer iemand iets teen of oor jou as gelowige te sê het, word dit wat gesê word, direk in verband met die Woord van onse Here gebring. Ons ken dit mos! Iemand sê: "As dit is hoe 'n gelowige man leef, of doen, wil ek liewers nie 'n gelowige wees nie!" Ons goeie gedrag werk dus mee dat die evangelie trefkrag het. As ons leef soos die Here ons gemaak het, is ons evangelieverkondigers. Dan verkondig ons die Here Jesus Christus, selfs sonder om 'n woord te sê! (vergelyk 1 Pet 3:1,2).

Die teendeel is ongelukkig ook waar. Wanneer ons nie leef soos die Here ons gemaak het nie, dwarsboom ons die evangelie! Dan staan ons die verkondiging van die Here Jesus in die weg en strem ons die werk van die Heilige Gees, omdat ons nie die heiligmaking najaag nie (vergelyk Heb 12:14). Jou man-wees (oud of jonk), vrou-wees (oud of jonk) en slaaf-wees, móét daarom met erns aan die Skrif gemeet word.

Ook die dominees word ook hierby betrek wanneer die Here sê dat die bevordering van die leer, die gedrag en die preke in orde moet wees. Ek moet wees soos die Here my gemaak het. Dan is ek 'n bruikbare instrument, 'n evangelieverkondiger!

Kom ons bid vir al die gelowiges! Kom ons bid vir ons dominees! Kom ons sit daadwerklik skouer aan die wiel om die evangelie uit te leef!

*Sing: Psalm 128 Ds LSD du Plessis (Delmas)*